KOPLUISBELEID 2012

DOKUMENT ONTWIKKELING EN GOEDKEURING

Verantwoor-delikheid	Detail	Naam	Handtekening	Datum
Outeur:		A. van Rensburg		
Goedgekeur:	Voorsitter: Beheerliggaam	Schalk Bruwer		
Goedgekeur:	Departementshoof GSF	A. van Rensburg		
Goedgekeur:	Beheerliggaamlid	Zani Teubes		
Gepubliseer	In Beleidslêer			
	Op webwerf			
	Gekommunikeer			

DOKUMENT GESKIEDENIS

Weergawe	Datum	Beskrywing
1	2012	Hierdie beleid is van toepassing op die 2012 Akademiese jaar en kan gedeeltelik of as geheel oorgedra word na die opvolgende Akademiese jare. Wysigings en aanpassings kan jaarliks gemaak word soos die behoefte ontstaan

INHOUDSOPGAWE

1. KOPLUIS 4
1.1 BESTUURSTRUKTUUR 4
1.2 HOOFDOELWIT 4
1.3 PROSEDURE 4
1.4 REGISTER 4
1.5 EKSAMEN OF TOETSE 4

1. KOPLUIS

1.1 BESTUURSTRUKTUUR

BEHEERLIGGAAM:
SKOOLHOOF
ADJUNKHOOF
DEPARTEMENTSHOOF
REGISTERONDERWYSER
LEERDERS

1.2 HOOFDOELWIT

Volgens die skolewet op gesondheid mag geen leerder wat nete of lewende luise in die hare het, skool bywoon nie.

1.3 PROSEDURE

Indien hulle wel by die skool is word die ouers gekontak. Leerders moet dadelik by die skool afgehaal word.

Alle nete en luise moet van die hare verwyder word alvorens die leerder na die skool mag terugkeer.

Sodra leerders na die skool terugkeer word die hare ondersoek deur die klasonderwysers of persoon wat die probleem aangemeld het. Die ouer/voog wat die leerder by die skool besorg ondersoek saam met die genoemde persoon die hare. Indien albei saamstem dat alle nete en lewende luise verwyder is, mag die leerder in die klas toegelaat word.

1.4 REGISTER

Die klasonderwyser moet aanteken op watter dae die ouer/voog geskakel is om die leerder by die skool te kom haal en wanneer die leerder na die skool terugkeer. Die ouer moet ‘n daadwerklik poging aanwend om die probleem so gou doenlik af te handel sodat die leerder weer na die skool kan terugkeer.

1.5 EKSAMEN OF TOETSE

Indien die probleem nie opgelos is en die leerder ‘n toets moet aflê, mag hy/sy toegelaat word om in ‘n lokaal die toets af te lê.

Die skool se beleid aangaande kopluise:

Volgens die Skolewet vir gesondheid mag GEEN leerder wat nete of lewende luise in die hare het, skool bywoon nie, en indien hulle wel by die skool is, moet hulle dadelik gehaal word, aangesien luise maklik in die klas tussen leerders versprei. Alle nete en luise moet verwyder wees voor die leerder na die skool mag terugkeer.

Dikwels doen ouers baie moeite en gaan baie onkoste aan om hul kinders se koppe te ontluis net om weer geinfekteer te word deur ander kinders wie se koppe nie skoon is nie.

Ons versoek dus dat alle ouers sal saamwerk en toesien dat die koppe luisvry is.

Voorkoming is makliker as om die luise en nete te verwyder. (Die produk “Paraspray” is baie doeltreffend in die verband).